
September 2025



# Villa Nuus News

Volume 6 | villanuus@gmail.com | Bougainvilla Aftree-oord



## Hierdie uitgawe


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| JAKARANDASTRATE | 2 | ROOIBAADJIE | 8 | TWEE BEGRAFNISSE | 18 |
| TAALMONUMENTE | 3 | DIE VAN VUURENS | 10 | ONTHOU JY NOG | 21 |
| LEWENSOORGANGE | 4 | WILLIE MAREE | 12 | THE ANGEL | 22 |
| ARBEIDSAKE | 5 | FLITSE | 14 | WOORDSOEK | 24 |
| KONSENTRASIEKAMP | 6 | PIET VERMEULEN | 16 | REDAKTEURSBRIEF | 24 |

# Die geskiedenis van Pretoria se Jakarandas

Die Jakarandas is beslis Pretoria se bekendste simbool. Dit lok toeriste in Oktober, en kan volgens legende vir goeie eksamenuitslae sorg as 'n blom op 'n Tukkie se kop beland.

Prof. Anton van Vollenhoven, argeoloog en geskiedkundige, vertel dat die oudste lewende jakarandaboom in Suid-Afrika in 1885 in Durban geplant is. Drie jaar later het dit ook die binneland bereik.

"Pretoria se eerste van vele jakarandas is uit Brasilië ingevoer en in 1888 deur Japie Cilliers in Sunnyside geplant, nadat hy twee saadjies by 'n reisende handelaar gekoop het. Dié twee stamvaders oorleef vandag nog. Burgemeester Ben Swart het in 1939 'n plaatjie onthul op die plek waar die twee oorspronklike bome geplant is, om hierdie belangrike gebeurtenis in Pretoria se geskiedenis te herdenk", vertel hy.

Talle bome het uit hierdie oorspronklike bome voortgespruit. Met die 51ste herdenking van Pretoria se stigting in 1906 het ene JD Clark 200 jakarandabome aan die stad geskenk. Sy rede vir die skenking?"Omdat die bome pragtig is".

Daarna is jakarandas op groot skaal op Pretoria se sypaadjies geplant. Die eerste is in Bosmanstraat, destyds Kochstraat, en in Arcadiapark geplant. 'n Klomp van die eerste het nie oorleef nie, maar is terstonds deur Clark vervang. Danksy sy passie vir dié pers bome het Clark die bynaam van Jakaranda Jim verwerf. Hoewel hy oorspronklik van Grahamstad was, het hy hom in Pretoria gevestig en is hy ook hier oorlede. Hy is ewe gepas onder 'n jakarandaboom in die Heldeakker begrawe, met sy spesiale bynaam wat ook op sy grafsteen verskyn.

Nog 'n belangrike karakter in Pretoria se jakaranda-storie was Frank Walton Jameson. Sy kwekery het baie jare lank jakarandabome aan Pretoria se stadsraad voorsien. Teen die tyd dat Jameson die stad in 1920 verlaat het, is minstens 6 000 jakarandabome reeds geplant.

Teen 1939 was daar sowat 17 000 jakarandas in die stad en teen 1957 'n geraamde 25 000. Tans skat kenners dat daar minstens 65 000 jakarandabome in Pretoria pryk, waarvan 37 000 die sypaadjies versier.

Daar is ook 100 skaars wit jakarandas in Groenkloof en Wonderboompoort, wat as geskenk vanaf Amerika na Suid-Afrika gereis het.

Die bome het ook al vir omstredenheid gesorg, sê Van Vollenhoven. "In die 1970's en 1980's het omgewingsgroepe gevra dat die bome verwyder word omdat dit as 'n bedreiging vir die omgewing beskou is. In 1983 is dit inderdaad as uitheemse plant verbied. Maar die teenkanting was so groot dat die wetgewing daaroor verander is en dit weer toegelaat is. Die kulturele en emosionele belang van jakarandas het op die ou end swaarder geweeg as die feit dat dit indringerplante is".

Die stadsraad het in 'n stadium twee jakarandabome vir inwoners wat bereid was om groot bome waarvan die wortels die rioolstelsel beskadig het, te verwyder.

Vandag word jakarandabome wat 'n natuurlike dood sterf, vervang en vir dié wat weens ontwikkeling en bouwerk verwyder word, word nuwes elders in die stad geplant. Só sorg die stadsraad dat hierdie belangrike kulturele erfenishulpbron van Pretoria in die strate, nes in die harte van die stad se mense, voortleef.




Maroelamedia 17 Oktober 2021
Geskryf deur Petronel Fourie

# Die Taalmonument Burgersdorp

Na 1806 was Engels die enigste amptelike taal in huis, kerk, skool en kantoor. Na etlike petisies het Burgersdorp daarin geslaag om Hollands as tweede amptelike taal in die parlement erken te kry. In hierdie stryd het J.H. Hofmeyr(Onze Jan) 'n belangrike rol gespeel.

Burgersdorp het met finansiële steun vanoor die hele land, oorgegaan om 'n Taalmonument op te rig. Hierdie monument is op 1893 onthul. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het vandale die beeld geskend, en na die oorlog het lord Milner die monument laat verwyder en êrens heen vervoer. Die oorspronklike beeld is later in King Williams Town onder die grond uitgegrawe en langs 'n replika opgerig, dog sonder 'n kop



Die Taalmonument - Paarl



In die Paarl is daar op 14 Augustus 1875 die **Genoodskap van Regte Afrikaners** gestig. Hulle het nie net die fondamentstene gelê van die Afrikaanse taal nie, maar ook vir die bevryding van die Afrikaner kultuur, identiteit en godsdiens. Hierdie werk is deur die Anglo-Boereoorlog tydelik gestrem, maar na die oorlog het die Tweede Taalbeweging hierdie strewe voortgesit. Die besieling vir die ontwerp van hierdie monument is afkomstig van ons volksdigters: C. J. Langenhoven, die opwaartse boog van die hoofsuil en N. P.van Wyk Louw, die verskillende onderdele van die struktuur wat simbolies na die verwantskap van Afrikaans met ander tale verwys.

Inligting uit ONS GESKIEDENIS IN BEELD

# Lewe, keuses, lewensoorgange ... en God

Ons leef in 'n gespesialiseerde wêreld. Selfs die kleinste, bekende aspek van lewe en die planeet waarop ons lewe, word wetenskaplik bestudeer. Natuurlik sover die mens kan. Daar is baie wat ons nog nie weet nie. Gelukkig is mense nuuskierige wesens. Ons gaan voort om alles wat ondersoekbaar is, haarfyn te ondersoek.

Miskien is die gespesialiseerde konteks waarbinne ons onsself bevind, dalk ook die rede waarom ons dikwels so min oor uiters belangrike dinge nadink. Ons is daaraan gewoond dat ander daaroor navors en nadink. Neem nou maar die hele gedagte van die verloop van ons lewe. Ons leef soms asof lewe iets is wat bloot buite onsself om gebeur. Ons het geen beheer oor hoe dit verloop nie. Daarom hoor ons dikwels van jou "strepie" wat getrek is. So asof God ons met 'n permanente program geskep het. Wesens wie se lewe deur afstandbeheer van iewers af beslis word.


Dit is die teenoorgestelde van die mens van die skepping. Dié is met 'n verstand en 'n keuse geskep. Die mens van die skeppingsverhaal moes kies – en het selfs verkeerd kon kies! 'n Keuse wat diepgrypende gevolge vir ons lewe en lewenskeuses ingehou het …

Gelukkig leer die menswetenskappe ons dat die mens grootliks die outeur van jou eie lewensverhaal is. Kyk jy mooi sal jy sien die Bybel doen dieselfde. Daar is wel invloede en gebeure wat buite ons beheer kan woed. Dié beïnvloed natuurlik ons keuses wat op verskillende maniere op ons lewe inspeel en ons dié onbeheerbare dinge se invloede, besluite laat neem. Daarmee skryf ons elkeen ons eie lewensverhaal – ook deur moeilike tye heen.

Of die verhaal van ons lewe betekenisvol is of nie, word óók deur ons keuses beïnvloed. Met betekenis bedoel ons dat onsself die lewe geniet. Dis lekker om te lewe daarom wil ons ook lewe. Verder loop die betekenisvolheid en sin wat ons van die lewe ervaar ook oor na mense rondom ons. Ander baat by die besluite wat ek neem en ek verryk ook hulle lewe.

Uiteindelik kry hulle lewe ook nuwe betekenis. Belangrikste van alles is die feit dat ons soeke na sin, ook 'n bydrae maak in God se koninkryk. Dit alles is die gevolg van keuses wat ek maak. Sin en betekenis verskyn nie maar iewers vandaan nie – dit volg op die keuses wat ek maak oor die **lewe**.

Regdeur ons lewensverloop is daar **lewensoorgange**. Oomblikke wanneer ek vanuit een lewensritme ontspoor word na 'n ander ritme. Dink maar aan die oorgang van ons skoollewe na die wêreld van die grootmens. Ek word uit my gemaksone geruk en skielik is ek aangewese op my eie besluite. Selfs besluite wat die res van my lewe raak. Of dink aan die dood van iemand na aan my wat my inlyf in 'n lewe sonder die ander!




Later tree ons af en verlaat die lewe van sekerheid van 'n werk, status en vaste inkomste na 'n lewe waarvoor ekself voorsiening moes maak. Vergeet nie die later jare nie, wanneer die veroudering begin knyp met pyne, ongemak, alleenheid of afkanklikheid in verskillende grade. Hierdie oorgange hanteer ons deur ons reaksiebesluite. Dit beheer oor hoe ons daarby aanpas of nie. As ek onder hierdie oorgange gaan lê sonder 'n visie op die lewe, sin en betekenis, word ek deur die nuwe staat van lewe verswelg. Ek voel nutteloos en is sommer nutteloos.

Teen dié tyd vra jy seker al waar God in die prentjie inpas. Daar is oorgenoeg aanwysings in die Bybel wat ons verseker dat Hy altyd IN ons lyding teenwoordig is.

Hy is nie die God van lyding nie, maar In lyding. Dit vertel die kruisverhaal vir ons. Hy is daar in sleg en goed. Hoe jy daaroor gaan kies, gaan afhang of jy Hom en sy leiding en bystand wil hê. Is HY deel van ons keuses, is Hy deel van die span. Ons is mede-outeurs. Laat ons Hom nie toe nie, skryf ons ons verhaal alleen…

Petrus Moolman PhD

# Arbeidsake - Corrie Vermeulen

## Huis- en Tuinwerkers en die wet.

Sedert die laaste beriggie (en ja dit was effe lank terug) het die Minister van Arbeid die nuwe minimum lone bekendgemaak. Die skedule hieronder is gebaseer op 'n huiswerker of tuinwerker wat 8 ure per dag werk, 5 dae per week en dan 'n volle maand in u diens is. As die werknemer minder ure per dag en/of minder dae per week werk, moet die loon eerder per uur uitgewerk word.

1) Uurlikse loon R28,79
2) Daaglikse loon R 28,79 x 8 ure = R 230,32
3) Weeklikse loon R 28,79 x 40 ure = R1151,60
4) Maandelikse loon R1151,60 x 4,333 = R4989,88

Meeste van ons betaal 'n vaste bedrag per dag bv R250.00 of R300.00 per dag. Weinig van ons werknemers werk 'n volle 8 ure per dag. Daarom is dit belangrik om rekord te hou van hoeveel ure per dag die werknemer wel werk. As u 'n huiswerker het wat byvoorbeeld net 5 ure per dag werk en u betaal R 250.00 per dag dan betaal u reeds meer as die minimum loon en is dus veilig. Die gedagte van hierdie skrywe is GLAD NIE dat u nou u werknemer se loon sal verminder nie. Dit is eerder 'n poging om seker te maak dat u nie MINDER as die minimum betaal nie. Omdat almal van ons meestal goeie verhoudings met ons werkers het, voel ons gerus om sommer so 'n laissez faire (gemaklike) verhouding te hê sonder om rekord te hou.

Sou die verhouding egter versuur as gevolg van welke rede ookal kan ons maklik in die "CCMA" opeindig. Dan is die klagtes baie kere gemik op te min geld betaal, verlof wat nie toegestaan is nie of onbillike arbeidspraktyke. Ons enigste verweer is dan gewoonlik ons rekords. Die volgende rekords is baie handig wanneer ons, onsself in so 'n situasie sou bevind:

- Rekord van ure per dag gewerk, hoeveelheid dae gewerk.
- Betaal- of loonrekords.
- Verlofrekords
- Dissiplinêre-rekords

Hopelik word dit nooit nodig om "CCMA" toe te gaan nie, maar dit mag dalk net gebeur en dis nie 'n lekker ervaring nie. CCMA is die Engelse akroniem vir:

Commission for Conciliation, Mediation and Arbitration. In Afrikaans is dit KVBA :

Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie. Dit is 'n regstegniese instelling wat gemik is om regverdigheid in die werksplek te verseker en te reguleer. Hulle het die mag om finansiële boetes toe te ken sou die werkgewer "onbillik" optree.

*Arbeidsgroete*
*tot volgende keer.*



Corrie Vermeulen



# Na hel in konsentrasiekamp, nou vrede

Toe hulle skool toe moes gaan was hy in 'n Nazi konsentrasiekamp en sy, as plaasmeisie, begin en eindig haar skoolloopbaan in 'n koshuis in Oos-Transvaal. Ons praat van Jean en Didi Hermans wat in 'n sonnige woonstel in Bougainvilla mymer oor hulle kinderdae. Die koshuislewe het haar nie gepla nie, maar in Jean se omstandighede kan ons ons glad nie indink nie. Hulle koester aangename herinneringe saam, ook hulle liefde vir diere. Hul kampioenhond, die Ierse Setter genaamd Jordan, is uit België ingevoer en Didi was jarelank die eienaar van 'n "doggy parlour" in Centurion.

Jean se kinderjare was egter 'n perd van 'n ander kleur.

As seun van 'n prominente lid van 'n anti-Nazi weerstandsbeweging in België, word hy as vierjarige deur die Gestapo uit sy ouerhuis geruk toe sy ma nie wou sê waar sy pa hom bevind nie. Hy word in 'n konsentrasiekamp geprop saam met honderde ander kinders en mans wat deur Hitler daarheen gedwing is.


Jean moes in plaas van sy skooldrag 'n gestreepte oorpak dra en met 'n nommer wat op sy pols getatoeëer is. Soggens sesuur moes hy en al die ander in die kamp op parade staan.

"Ek het baie lank nie oor hierdie nagmerrie kon praat nie, maar 'n klompie jare gelede het ek begin om dit aan my vrou te vertel wat daartoe bygedra het dat die las ligter geword het. Vandag is ek gemaklik om dit ook met die lesers van VillaNuus te deel."

Toe Nazi-Duitsland onvoorwaardelik moes oorgee, is Jean en die ander kinders deur die Rooikruis in Switserland geherberg en is die soektog na sy ontwortelde ouers begin. Na twee maande is hy met hulle herenig. Hy kon toe in Antwerpen skool toe gaan en was hy later as uitruilstudent vierjaar in die Sorbonne-universiteit in Parys waar hy sy meestersgraad in ekonomie behaal het.

Daarna is hy deur die Belgiese weermag opgeroep, waar hy 'n luitenant in die valspringersoldatekorps (Parabats) word. Toe word sy dienste in die destydse Belgiese Kongo benodig waar hy deel word van die troepe wat Stanleyville (nou Kisangani, DRK) na 111 dae ontset het. Nog was dit het einde niet. Hy word betrek deur die Amerikaanse en Verenigde Nasies se vredesendings wat die stryd moes voortsit. Daar was ook soldate van ander wêrelddele.

"Eendag hoor ek hulle praat en kom agter ek verstaan wat hulle sê. Dit was huursoldate uit Suid-Afrika onder die bevel van die legendariese generaal Mike Horne! Daar hoor ek van Suid-Afrika en aanvaar 'n uitnodiging om die land te besoek. Ek sal nooit vergeet hoe mooi Tafelberg was toe die Cape Town Castle Tafelbaai binnegevaar het nie. Dit was in 1966, en ek is steeds hier!"


Jean en Didi Hermans

Jean se assistent by sy eerste werk in Pretoria was die nimlike Didi. Hulle trou en het later twee dogters wat in Pretoria woon. Die egpaar woon en werk in die ou Transvaal tot hulle aftrede waarna die mooie Bloubergstrand en uitsig op Tafelberg hul tuiste word. Nou woon hulle baie gelukkig in Bougainvilla, naby die kinders.

"Eind goed, als goed", groet Jean en Didi my by die veiligheidshek waar 'n afbeelding van Jordan, een van hulle ander lieflinghonde, pryk.

Artikel deur Johann Lemmer




Van links na regs:

1. Gewond in gevegte.
2. Hoogste eerbewys in Belgiese leër vir diens aan vaderland.
3. Goeie leierskap aan Parabatpeloton.
4. Vlerkies (onder) van valskermsoldaat.



België is bierwêreld.
Elke soorte bier word uit sy eie soort glas gedrink.



## REDAKSIELEDE

| | |
|---|---|
| FLIPPIE FOURIE | EENHEID 147 |
| DANIE MARE | EENHEID 164 |
| WILLIE MAREE | EENHEID 246 |
| CORRIE BROODRYK | EENHEID 1005 |
| DINIE ROETS | EENHEID 23 |
| DANA LAMPRECHT | ONTVANGS *(INTERN 9)* |
| MAGDA VAN ZYL | EENHEID 143 |

VONKPOS: villanuus@gmail.com



*Redaksie*

# DIE Rooibaadjie met die HART van GOUD

Montana ontwaak. Geleidelik beweeg motors straat af na die robot onder in Breedstraat. Die beweging raak peristalties. Stop ry, stop ry. Hier en daar klink vrolike musiek op uit 'n gesofistikeerde klankstelsel.

Langs die pad stap 'n eensame figuur gebukkend om iets op te tel. Ansa het die dame al menigmale soggens gesien, maar swenk dan gereeld in haar kenmerkende flinke stappie af in 'n systraatjie voor sy by die dame met die rooi baadjie en rooi pet kom.

Maar vanmôre het die toeval dit so bepaal dat Ansa en Irene oorkant mekaar in 'n koffiewinkel sit.

"Weens omstandighede buite my beheer moes ek my studies aan die universiteit opskort en het ek by 'n bande versolingsonderneming begin werk. Ek kan jou alles van bande vertel", sê Irene glimlaggend. "'n Kliënt van die onderneming het my gehelp om in die bankwese te begin werk as 'n klerk. Ek het meer as 20 jaar in die bank gewerk en goed gevorder". Irene vertel dat haar woonstel nie ver van haar werk in Sandton was nie. Dit was gedurende die stappies werk toe en terug dat Irene gemerk het hoeveel buitelandse muntstukke in die strate lê en het dit by haar 'n belangstelling in muntstukke gewek.

"Gedurende Covid het ek baie siek geword en moes per ambulans hospitaal toe geneem word. Dit het drie weke voor my 56ste verjaarsdag gebeur. Ek het eers later gehoor dat ek 'n hartstilstand gehad het en ook beroerte opgedoen het. Ek het 50% van my sig verloor. As ek geld optel, neem ek 'n foto om die muntstuk beter te kan sien. My swak oë was die oorsaak dat ek my werk verloor het. Ek is op ongeskiktheidspensioen geplaas. My broer het 'n ekonomiese kwalifikasie en help my om selfstandig met my geld om te gaan".

"Omdat Montana geseënd is met 'n hospitaal en goeie mediese fasiliteite het ek gedink om in Bougainvilla Aftree-oord te koop, maar Tweeriviere Aftree-oord het op daardie stadium 'n woonstel beskikbaar gehad en het dit uiteindelik my tuiste geword". Irene sê sy het gesien dat die strate onnet is.

"Ek het met drie plastiese sakkies in my hand die strate ingevaar".

Plastiese bottels en doppies, muntstukke en ander rommel word opgetel en in die sakkies sorteer. Glasbottels word langs die straat in hopies gelos. Die bottels kan wel by bottelstore ingehandig word, maar mens kry net geld vir die 750ml bottels. Irene stap in 'n week 3 verskillende roetes. Een roete is na Zambesie Junction, tweede met Tsamastaat na die Wingtip Sentrum en die derde na die Kolonade, waar Irene elke tweede week bloedplasma skenk. Irene is 'n porfirieleier.

"Buitelandse en ou muntstukke het geen waarde nie, maar vir kinders wat berading ontvang, is dit 'n skat. Ek het al vyftig- en honderdrandnote opgetel. 'n Ruk gelede het ek R403 se kruideniersware vir 'n vriendin gekoop. Twee dae later tel ek 2 tweehonderdrandnote (inmekaar gevou) op". "Optelgoed is mos hougoed"! sê Irene met 'n glimlag.

"So voorsien God in my lewe! Ek kom niks kort nie".



Irene

*Irene sê sy het gesien dat die strate onnet is.*



# CHAIR EXERCISES AT Bougainvilla








## COME AND *JOIN US!*

- **R 200 P/M**
- **EVERY TUESDAY AT 15:00**







# Renier en Corrie *Janse van Vuuren*

**Johann Lemmer** skryf soos volg: Ek het 'n ou vriend en kollega van my, Renier Janse van Vuuren en sy vrou Corrie, wat onlangs hier ingetrek het, gevra om meer oor hulleself te vertel. Renier het soos volg reageer: "Toe ek en Corrie uiteindelik tot die besef gekom het dat dit om verskeie redes tyd is om na 'n aftree-oord te skuif, was ons gelukkig om 'n nuwe tuiste in Bougainvilla te vind. Gelukkig veral omdat ons beïndruk is met alles, die bestuur, personeel, bure en almal met wie ons te doen kry. Bekwaam, effektief, vriendelik en behulpsaam. Ook met die netjiese terrein, gerieflike wooneenheid en beheerbare tuin, waar ons steeds ons vingers in die grond kan druk. Ons bly baie lekker en is spyt dat ons nie al tienjaar gelede gekom het nie."

"Ons is albei boorlinge van die ou Transvaalse bosveld. Ekself van Thabazimbi en Corrie van Steenbokpan, wes van Ellisras en 'n paar kilometer van die Botswana grens. Ons het mekaar as studente by 'n CSV-kamp raakgeloop en in meer as 63 jaar se getroude lewe het ons net al stewiger aanmekaar vasgegroei. Ons kan spog met vier gesonde seuns, pragtige skoondogters en talentvolle kleinkinders. Sewe, toe ek laas getel het. Verder twee agterkleinkinders. Oupa en ouma is pas vertroulik ingelig dat 'n derde oppad is, maar omdat dit nog lank is, is ons versoek dat ons nie nou al iets sê nie. So ek sê niks"!

"Ons is albei onderwysmense. Self het ek agtereenvolgens Afrikaans onderrig op hoërskool vlak, daarna as dosent help onderwysers oplei en vir die volgende 23 jaar eers by die Transvaalse Onderwysers-vereniging en daarna by die Onderwysersraad aktief meegewerk aan die bevordering van die professionele en vakbond belange van onderwysers".

"Die registrasieraad vir blanke onderwysers wat in 1977 tot stand gekom het, is later omvorm om ook vakbond verantwoordelikhede in te gesluit. Die Raad het in 1995 ontbind in die lig van die nuwe bedeling. Johann Lemmer as registrateur met my as sy adjunk was van die begin af betrokke by die vestiging van hierdie liggaam".

"Ons moes ook aan die einde by die ontbinding van die Raad die hele opruiming hanteer. Dit het o.a. behels die verkoop van alle eiendom en ook die uitdiensstelling van bykans 50 personeellede insluitende onsself. Dit was nogal traumaties".

"My vrou Corrie, 'n gebore juffrou, se loopbaan het begin by 'n driemanskool in die bosveld. Nadat sy kinders grootgemaak het, het sy by verskeie laer- en hoërskole in die Moot onderwys gegee. Die laaste paar jaar voor uittrede het sy by die Duitse skool Sotho onderrig".

"Die gene met praktyk ervaring sal weet dat onderwys enersyds 'n baie bevredigende beroep is, maar aan die ander kant kan dit ook baie stresvol en uitputtend wees. Om te oorleef is 'n wegbreek van tyd tot tyd noodsaaklik. Gelukkig het ons woonwa ronde wiele gehad en vir meer as 50 jaar gehelp om ons na liggaam en gees te laat uitrus. Ook deelname aan sport kan help. Vir my was en is dit skiet en rolbal".

"Groot kaliber skiet of Bisley-skiet, is in ons familie. Reeds op 15 jarige ouderdom het ek saam met my pa begin en eers op ouderdom 70 het ek my skiettoerusting spreekwoordelik gesproke opgehang. Detail besonderhede hieroor sal boekdele beslaan. Ek volstaan dus met enkele opmerkings. My hoogste prestasie was Junior Nasionale kleure (Protea) en na ouderdom 60, ook Veterane Nasionale kleure. Ek was o.a. lid van die S.A.-Veterane span wat onderskeidelik in 2003 in Engeland en in 2007 in Ottowa Kanada, in die internasionale span- kompetisie in beide gevalle die bronsmedalje verower het. Hierdie kompetisie vind vierjaarliks plaas".

"Skyfskiet is ongelukkig nie 'n toeskouers sport nie en haal ons selde hoof opskrifte. Vir die gene wat nie weet nie, noem ek graag dat daar verskillende dissiplines in die skietsport is. Bisley skiet of groot kaliberskiet geskied met 7.62 (308) skyfskietgewere met 'n gaatjie visier en slegs 'n geweerband as ondersteuning. 'n Losstaande teleskoop word gebruik om wind en mirage te lees om verstellings soos nodig voor elke skoot te kan aanbring"

"Verskillende kompetisies vind plaas oor afstande van 300 tot 900 meter met 2 proefskote en 7, 10 of 15 telskote per afstand".

"Ons is bevoorreg en het baie om voor dankbaar te wees. Ten spyte van die feit dat ons figuurlik reeds verby ons raklewe is, gaan ons gelowig en positief voort om die beste van elke dag en geleentheid te maak. Dit is net genade bo alle verdienste".

*"gelowig en positief"*

"Reeds voor ons troue het my ma vir Corrie gewaarsku dat as sy met my trou, kry sy skyfskiet saam. Dit het haar gelukkig nie afgeskik nie en ten spyte van vele opofferings was sy oor die jare my getrouste ondersteuner. Veral by groot kompetisies het sy gereeld op haar veldstoeltjie agter my gesit en met 'n teleskoop elke skoot gevolg. Ooreenkomstig 'n eensydige besluit waaraan sy nie deel gehad het nie, het al die geldpryse wat ek oor die jare gewen het na haar toe gegaan. Nie as beloning nie. Net erkenning"!

"Na aftrede het ons besluit om iets saam te doen. 'n Vriend het ons na rolbal genooi en die gogga het sommer dadelik gebyt.

"Corrie moes ongelukkig 'n paar jaar gelede handdoek ingooi as gevolg van 'n rugprobleem. Ek is egter bevoorreg om na 25 jaar steeds aktief deel te neem en te kompeteer en is gelukkig om nog af en toe soos die blinde hoender 'n pit op te tel in die vorm van een of ander prys".



Renier en Corrie Van Vuuren




# Voetspore op my lewenspad ...

Ek het groot geword as 'n plaaskind in Brandfort en as oudste van ses kinders. As plaaskind is my eerste 6 skooljare deurgebring in plaasskole met maksimum van 16 skoliere van Gr. 1 tot Gr. 7. Op 12 jarige ouderdom "promoveer"ek tot dorpskool. In Brandfort, as koshuisskolier, stap ons vir 3km na die Pres. Swart Hoërskool.

In 1961 het ek tydens 'n CSV-kamp, my hart aan die Here gegee. Hierdie ervaring het gedien as rugsnoer in my lewe.

In April 1963 het my ouers my ingeskryf by die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein - wat 'n magiese ervaring vir 'n plaasjapie! Saam met my in die klas was 'n witkop meisie, Coralie, wat na 'n verhouding van 7 jaar uiteindelik my vrou word!


Na my weermagopleiding skryf ek in as Kovsie-student in Bloemfontein en verwerf ek in 1970 'n M.Sc.-graad in Landbou. Dit het gelei tot die aanvang van my 40 jarige beroepsloopbaan in landbouverwante beroepe. In 1991 behaal ek ook saam met kollegas 'n MBA-graad aan die PUK, nadat ons vir driejaar saam gereis het na Potchefstroom vir klasse elke tweede Saterdag.

Vroeg in my loopbaan het ek tot die oortuiging gekom dat ek binne 7 jaar 'n verskil moet maak in my werksomgewing. Dit het daartoe gelei dat ek vier verskillende werksomgewings gehad het, wat onderskeidelik gestrek het van 7 - 11 jaar. My vrou en later ook ons kinders, het my al die jare ondersteun, selfs met 4 groot verskuiwings. Elk van hierdie skuiwe was slegs moontlik na baie gebede en besinning onder leiding van die Heilige Gees. In my ouerhuis het ek geleer dat Ps 25:4 "Maak my U wil bekend Heer, leer my u paaie", my rugsnoer moet bly.

Ek was baie beroepsgemotiveerd en met groot genade was ek onderskeidelik aangestel as Bestuurder Landbou-ontwikkeling by Vrystaat Koöperasie, Hoofbestuurder van Landbou by Agricor en Besturende Direkteur Agribank in Bophuthatswana. Daarna Hoofbestuurder Sensako en daarna direksielid van Monsanto SA. My laaste skuif was na Toplay Eiers in Potchefstroom waar ek in 2010 afgetree het.

Tydens my betrokkenheid by Sensako/Monsanto is ek aangewys as die Voorsitter van Sansor, die nasionale saadorganisasie. In 2001 is Sansor die gasheer van die Wêreld Saadkongres gehou te Sun City met 900 afgevaardigdes vanaf 18 lande.
Na my aanstelling as Hoofbestuurder van Toplay Eiers word ek twee jaar later verkies as Voorsitter van die SA Pluimvee Vereniging, die tweede grootste landbou bedryf in Suid Afrika.

Ons is die trotse ouers van een dogter, twee seuns en geseën met ses kleinkinders. Vroeg in ons lewe het ons begin deelneem aan staptoere. Die eerste is die bekende Otterwandelpad en voltooi daarna oor jare, nog sewe staproetes. Vroeg in die tagtigs onderneem ons saam met vier vriende 'n maandlange toer deur 7 Europese lande. Met geen vaste besprekings, slaap ons soms in kampeerplekke, gehuurde karavane of deel al ses soms 'n dubbelkamer in 'n hotel. Besoeke aan die Swartwoud, stap om die Bodensee tussen Duitsland, Oostenryk en Switserland en 'n besoek aan Venesië en daarna die kunsskatte van Florence, sal vir jare ons herinneringe voed.



## Psalm 25:4

In 2010 roep ons halt. Na 'n wonderlike laaste reis deur Kroasië en 'n besoek aan die Passiespele in Oberammergau vestig ons ons in Uvongo - ons vakansiebestemming sedert 1975. Vir 10 jaar kon Coralie so dikwels as wat sy wou die see gaan opsoek. Ek weer, kon die horison bespied deur my verkyker, elke verbyvarende skip aan te teken en spelende dolfyne waardeer. Vir 10 jaar lank was dit ook die kersbestemming van ons drie kinders met hul huisgesinne vir salige son-deurdrenkte uitspan en lekker kuiers by die see.

Aan alle lekker dinge kom daar ook 'n einde. As gevolg van die verval van die infrastruktuur aan die Suidkus, die groot erf en instandhouding van die swembad, verkoop ons die huis en skuif na Pretoria om nader aan die kinders en kleinkinders te wees. Ons vestig in Bougainvilla Aftree-oord waar Ouma haar met haar naaldwerk kan besig hou en Oupa kan koerant lees en kan ons saam met vriende kaart en Supertridem speel.

In 2021 kon ons saam met ons kinders en jare lange vriende ons gouebruilof vier.

Willie Maree




**My dogter**

My mooiste dogter
Jy het 'n hart van goud
Dit maak my so benoud
As ek dink jy kan seerkry
By ander, nooit nie by my.

Bly altyd die Engel wat jy is
Gereed om ander te aanvaar soos hul is.

Ek het die Here gevra
Gee my iemand soos my Ma

My wens was vervul
Ek het gelag en gegil
Die aand toe jy kom
Was ek verstom
Jy was so mooi
My liefste mooiste Nooi!

Deur Magda van Zyl
Eenheid 143



## MIELIEKOEKIE RESEP

1 blik room mielies
1 koppie bruismeel
1 eier, geklits
Sout en peper na smaak

Meng alles saam en braai eetlepel in vlak warm olie.

Magda Nel

## ONS Sê DANKIE

Ek wil graag namens al die 90-plussers baie dankie sê vir die mooi onthaal. Dit was baie goed gereël. Ons was sommer weer jonk en het geëerd gevoel deur die uitnodiging en warm verwelkoming. Die gasvroue het baie moeite gedoen met mooi tafels en heerlike eetgoed. Ons almal waardeer dit baie asook al die geskenkies.



Met Negentig-plussersgroete,
Kleintjie van Rensburg

*Wees dankbaar vir ouderdom, dis nie almal beskore nie.*

## Go Bokke Go!



Die rugbytoetse teen Portugal en Georgia is geesdriftig in die braai-area gevolg. Die oorwinnings is geesdriftig bespreek en gevier.

**Geesdriftige Bougainvilla Bokondersteuners juig saam!**

## Sop-en-Sherrie-Middag

**Eenhede 129 tot 178 het hul kwartaallikse samekoms met geurige warm groentesop en 'n glasie sherrie gevier. Lief en leed is gedeel, asook nuwe inwoners is by die geleentheid bekendgestel en welkom geheet.**






ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Familie Waardes,
Waarde vir die hele Familie!
MONTANA
APTEEK+KLINIEK
JOU WELSTAND KOM EERSTE
Vertrou ons kliniek se kundigheid en gevorderde fasiliteite
om uitsonderlike sorg te verskaf.
GRATIS
AFLEWERING
BESIGHEIDSURE:
Maandag & Dinsdag: 07:00 - 19:00
Saterdae: 08:00 - 18:00
Sondae & Publieke vakansiedae: 09:00 - 17:00
KLINIEKURE
Maandag & Dinsdag: 08h00 – 16h00 (Middagete 13h00 – 14h00)
Woensdag: 08h00 – 13h00 en 16h00 – 19h00
Donderdag & Vrydag: 08h00 – 16h00 (Middagete 13h00 – 14h00)
Elke Saterdag: 08h00 - 13h00
012 548 1721/0270/1836
060 736 3010
montana@arrienel.co.za
Zambezi Junction, Winkel 10, H/v Sefako Makgatho & Breedstraat, Montana
montana@arrienel.co.za | www.arrienel.co.za
MOPANI PHARMACY
ARRIE NEL
PHARMACY GROUP
Family Values,
Value For the whole Family!
thrive
better than well
Pharmacy | Health Shop | Clinic

# Ken jy Piet Vermeulen?

Ek glo nie en dis jammer want 'n beter mens as hy het ek nie geken nie. Hy was nog van die ou soort, 'n Israeliet sonder bedrog, arm, eerlik en opreg. 'n Man uit een stuk graniet gekap met bomenslike krag en vuur in elke tree wat hy ooit gegee het. Selfs toe hy oor die sewentig jaar oud geword het. Nooit het ek hom hoor kla of kerm nie, selfs nie eers toe hy genoeg skuldbriewe gehad het om sy sitkamer se muur mee uit te plak nie. Selfs nie toe sy vrou dood is en hy alleen die laaste ses van sy agtien kinders moes groot maak nie. En mens, hy het alle reg gehad om te kla, want 'n groter liefde vir een vrou het een man seker nooit gehad nie. Haar laaste jare was sy siek en bedlêend en het hy haar verpleeg, die kinders versorg en twaalf uur skofte gewerk om liggaam en siel aan mekaar te hou. Nooit gekla nie. Hel, dit was 'n man. Ek weet want ek is die sewentiende van daardie agtien kinders.

Piet Vermeulen was my pa en 'n pa soos hy het ek nooit weer ontmoet nie. Hy kon ewe lekker koffie saam met die dokter en die dominee as saam met 'n boemelaar drink. Hy het ewe veel respek vir mevrou dominee as vir die ou tannie in die melkery gehad. Hy het al sy kinders ewe lief gehad en met baie weinig aardse goed het hy hulle almal geklee, gevoed en opgevoed. Om deur Piet Vermeulen opgevoed te word was soms maar moeilik. Hy het die roede nie terug gehou en ook nie onreg verduur nie. Hy het niemand te na gekom nie en boeta, jy moes in jou pasoppens wees dat jy hom nie te na kom nie. Jy sien Piet het nie wrokke gedra nie, hy het sy dinge dadelik uitgesorteer en nooit kwaad gaan slaap nie. Want as die nag jou wakker hou, het dit jou geluk gesteel en Piet Vermeulen se luk was vir hom kosbaar.

Hy was nie boekgeleerd nie maar hy was beslis 'n student van die lewe.

Met 'n karige standerd ses skoolkwalifikasie het hy nie terug gedeins om 'n Engelse onderwyseres aan 'n hoërskool se "tenses"en "spelling" te korrigeer nie. Hy het respek afgedwing oral waar hy gegaan het, want hyself het almal onvoorwaardelik gerespekteer. Van klein kindertjies tot ou mense sou hy help en beskerm waar nodig en hulle met deernis en respek behandel. Vir een of ander rede het jy altyd beter gevoel as jy Piet Vermeulen verlaat het, as toe jy daar aangekom het. Jy sien hy was net so. Hy het ons almal geleer, agtien van ons, dat waarheid, eerlikheid en opregtheid ononderhandelbare karaktereienskappe is. Lesse wat my tot vandag toe bybly. Vir my, en ja ek is bevooroordeel, was hy die toonbeeld van alles wat 'n man moet wees.

Hy kon reg deur mense sien en het vinnig enige iemand se intensies aangevoel. Sy kapasiteit vir begrip vir elkeen wat sy pad gekruis het, het gemaak dat mense altyd gemaklik in sy teenwoordigheid was. Behalwe as jy kom kwaad stook of skinder het, dan het hy jou dadelik op jou plek gesit en aanbeweeg asof niks verkeerd was nie. Ek kan nie onthou dat ek hom ooit hoor skree het nie, dit was nie nodig nie. As Piet Vermeulen gepraat het, het almal maar net geluister. Sy groot sterk hande was nooit te besig of te moeg om met sy kleinkinders te speel nie. Sy warm hart was nooit te koud om te troos of raad te gee nie. Jy sien Piet Vermeulen het styl gehad. Nie die soort styl wat jy kon aanleer of koop of selfs steel nie. Nee, hy het styl gehad wat van binne af deurslaan en mens se hele lewe met sout besprinkel.

Piet Vermeulen het ook 'n ontwrikbare geloof gehad. Saans het ons almal sewe-uur voor die ou draadloos gesit en na die nuus en die kwart-oor-sewe kerkdiens geluister. Met eerbied en stilte en na die tyd het hy soms vrae gevra om te kyk of jy opgelet het. Hy het sy Bybel geken. Hy het sy Skepper geken.

Wanneer ek saans by sy kamer verby geloop het, kon ek hom op sy knieë voor sy bed aantref, besig om met sy Vader te praat. Daarna het hy in sy bed geklim en soos 'n baba geslaap. Want jy sien as hy sy probleme, skuld of bekommernisse vir sy Vader gegee het, was dit nie meer syne om te dra nie. Op sy sterfbed het hy my vertel dat die Here hom op 'n toer om die aarde geneem en aan hom mooi en wonderlike plekke gewys het. Hy het geweet sy einde was naby en hy was reg daarvoor.

Piet Vermeulen het nie gister gesterf nie. Hy het dertigjaar gelede gesterf. Maar vir my is hy nog steeds my pa en sien ek hom in my broers en susters en in my kinders en kleinkinders. Voel ek soms nog sy hand op my skouer, ruik ek sy "Old Spice" en hoor ek hoe hy my Kerneels noem. Jy sien Piet Vermeulen het gesterf maar is nie dood nie ...

Corrie Vermeulen

# ONS TOETS GEHOOR



## Bougainvilla
(Raadsaal 1ste Vloer)

- **Gehoorsiftings** (Skakel vir 'n afspraak)
- **Volledige gehoortoetse** (Skakel vir 'n afspraak)
- **Verskaffing van gehoorapparate**
- **Skoonmaak van alle tipes apparate**
- **Ondersoek vir oorwas**
- **Batterye en toebehore te koop**
- **Verstellings aan gehoorapparate** (Skakel vir 'n afspraak)

## Besoekdatums 2025

| | |
|---|---|
| 21 Januarie | 29 Julie |
| 25 Februarie | 26 Augustus |
| 25 Maart | 30 September |
| 29 April | 28 Oktober |
| 27 Mei | 25 November |
| 24 Junie | |

**Suné Ferreira Oudioloog**
Vanette Bisschoff • Suné Ferreira

**Sinoville (012) 567 0157**
**WhatsApp 066 281 0149**




# Twee begrafnisse vir die prys van een

Twee tannies by Bougainvilla Aftree-oord (BGAO) het by afsonderlike geleenthede vir my vertel van die besondere goeie mans wat hulle gehad het. Dit het my vreeslik skuldig laat voel, maar ek het die gevoel gou afgeskud met die verskoning:"dis nie deel van my DNA nie".

Op Donderdag, 13 Maart, kry Nettie die tyding dat haar ouer broer oorlede is en dat die troosdiens 'n week later in Stellenbosch plaasvind. Ek maak planne om die uitvaartdiens te vermy.

Die daarop volgende Dinsdag, 18 Maart, ry ek selfvoldaan vanaf OR Tambo-lughawe weg, waar ek Nettie en haar jonger broer afgesien het. Ek het immers goedkoop kaartjies en op die koop toe gratis familieslaapplek gereël. Skielik lui my selfoon. Dis Marinda ons Kimberley dogter. Sy roskam my omdat ek nie tydens die begrafnisdiens vir haar ma op Stellenbosch gaan ondersteun nie.'n Paar kilometers verder kry ek 'n blink gedagte. Ek kan met Caleb, my motorfiets, begrafnis toe ry dan kwalifiseer ek dalk as 'n goeie maatjie!

Om 5:35vm ry ek met Caleb deur BGAO se hekke, moeg na die vorige nag se wakkerlê en soek na 'n ontsnappings-opsie uit hierdie slimplan gedagte. Op 'n stadium kry en 'n oplossing! Ek gaan iewers langs die pad 'n wegkruipplek kry, uitspan en 'n goeie verskoning uitdink.

Op Drie Susters, waar ek en Caleb al baie kere geslaap het, sien ek op my selfoon 'n boodskap van Marinda. Sy sê ek moet op Beaufort-Wes slaap anders is ek nie betyds vir die begrafnis nie. Hiervoor is ek baie dankbaar, want ek kry 'n baie gawe gastehuis op Beaufort-Wes.

Die volgende oggend 5:36vm gooi ek die gastehuissleutel in die tannie se posbus. Dis 'n nostalgiese sloertoer en geen gejaag teen tyd nie. Laingsburg is waar tannie Hester en haar man, ds. Okkie, 44 jaar gelede sendelinge was toe die vloed die dorpie oorspoel het. Nettie se tannie van die Laingsburg hotel is tydens die vloed deur die rivier meegesleur en het in die proses Huisgenoot se voorblad gehaal.

Die stuk pad vanaf Touwsrivier tot by DeDoorns maak die reis die moeite werd. Daardie kranse wat so hoog opskiet, het my laat wonder of die Here dit in Adam of in Noag se tyd so ontwerp het en of dit vir Hom ook so mooi is as wat dit vir my is?

Meer as 55 minute voor die diens, stop ek voor die kerk. Baie vroom gaan sit ek langs Nettie in die kerk en wonder of ek nou kwalifiseer as 'n goeie maatjie?

Die Pizza "after party" by Rudy se huis was baie aangenaam. Oppad na die tweede "after party" was ek vasgekeer in die reën en verkeer. Moeg en nat breek ek weg van die ander begrafnisgangers en gaan soek ek slaapplek. Die goedkoop slaapplek boemerang en word duur slaapplek!

Die volgende oggend val ek in die pad na George via Sir Lowry's-pas. Op Riviersonderend sien ek die indrukwekkendste lykswa wat ek nog ooit gesien het met opswaaideure soos 'n Lamborghini en 'n draaitafel vir die kis. Na 'n paar foto's vra ek die begrafnis-ondernemer of ek die begrafnis mag bywoon. Ek is hartlik welkom en drie minute later sit ek sonder 'n das vroom in die kerk saam met 17 familielede en nege ander begrafnisgangers. Nog iets wat ek op my CV kan skryf is 'n begrafnisdiens van 'n Gobabis-boorling op Riviersonderend ongenooid!



**Lykswa op Riviersonderend**

Ek voel beter oor die dag. Vanaf Ou Meul op Riversdal bel ek Marinda om te hoor of hulle op Kimberley is. "Nee", sê sy, hulle is op Oudtshoorn vir die Suid Afrikaanse Tweekamp Kampioenskappe. Toors, my kleinseun, verteenwoordig Noord-Kaap. Ek besluit om nie te vra oor my nie-goeie-maatjie-gradering noudat ek by die begrafnis was nie, want ek was heel onbewus van Toors se atletiek prestasies!

Half tien die aand is ek moedeloos gesoek na 'n goedkoop slaapplek en land ek in 'n peperduur hotel. Die laatnag duur slaapplek kon ek nie behoorlik benut nie, want ek moet oor die Outeniqua-pas na die Klein-Karoo om vir kleinseun Toors te ondersteun. Die onbeplande bywoon van die SA-Kampioenskappe het goed afgeloop en die aand slaap ek weer in George. Hierdie keer teen 'n derde van die vorige aand se prys. Maandag was weer 'n rowwe dag. Die plekkie De Rust moes ek bekyk, want hier moet ek nog 'n slag kom stilword en wegkruip. Meiringspoort is "a gift from God", veral as jy nie haastig is nie. Die plan was om by Beaufort-Wes of Drie Susters te slaap, maar die son sit nog heeltemal te hoog.

Ek sal op Victoria-Wes my getatoeëerde advokaat vra waar bekostigbare slaapplek is. Sy is 'n vorige inwoner van BGAO en woon nou op hierdie Deon Meyer dorpie. Sy het op 'n keer in een van die strate van BGAO vir my gesê; "a bad settlement is better than a day in the court"- ek wonder nog steeds oor daardie stelling. Dit reën op Victoria-Wes. Om in die reën van die motorfiets af te klim en slaapplek te soek is 'n fiasko, so ek ry verby ten spyte van die donkerte op hande.

Om agter rooiligte van 'n ander voertuig te ry wat jou waarsku teen hobbels en gate in die pad help geweldig. Die baie vragmotors op die pad ry egter te stadig vir my. Op 'n stadium voel die donker en reën vir my te veel en ek skreeu-bid: "Here help my!"

En toe sien ek, ek word op 'n kort afstand agtervolg. Ek wissel my spoed, maar hy bly op my stert. Later ry ek heeltemal stadig en hy gaan verby. Tot my verbasing sien ek dit is 'n ambulans en noudat hy voor ry, het hy geen respek vir die spoedgrens in die reën en die donker nie. Baie dankbaar vir die ambulans se rooilig-begeleiding, eet ek net na half nege rustig by die kinders in Kimberley.

Caleb en ek is die volgende oggend weer op die pad. Veilig verby Warrenton sonder 'n R200 "boete" aan poskoetsrowers. My ma het gesê, toe daar nie meer koetse was om te roof nie, het poskoetsrowers by die verkeerspolisie aangesluit. Anderkant Potchefstroom begin ek ernstig soek na 'n veilige plek om my grondseil uit te rol vir 'n krag-dutjie. Hierdie plekke raak al skaarser. Voor ek so 'n plek kon kry, trek 'n poskoetsrower my egter van die pad af. My vaardigheid om hulle te ontduik moet weer opgeskerp word. Die skok gee my genoeg nugter-woema dat ek sonder die krag-dutjie deurskiet huistoe.

Na ses dae, agt ure en 3367km, klok ek baie dankbaar in by die hek van Bougainvilla Aftree-oord.

Na alles en miskien ten spyte van alles is ek nog steeds nie 'n goeie maatjie nie.Toe ek my reis- en verblyfkoste vergelyk met die van Nettie en Barend, was die skok groter as wat ek gedink het. Dit was twee begrafnisse vir die prys van baie, baie meer begrafnisse- eina!

Johan Boshoff







Property.CoZa®

Gerda Dafel 076 776 8001



*"I believe that God has blessed me in immeasurable ways so that I can, in return, bless and help others"*



## Property.CoZa® Welcomes our new **residents**

Yvonne Smith
**Huis 267**



Stephanie Olivier
**Huis 6**



## Houses and flats for **sale** or **rent**

### For Sale:

**3 Bedroom houses:** *R1 900 000 - R2 500 000*

**2 Bedroom houses:** *R1 200 000 - R1 850 000*

**2 Bedroom flats:** *R850 000 - R950 000*

**1 Bedroom flats:** *R750 000 - R850 000*

### Rentals:

**3 Bedroom houses:** *R12 800 - R14 800 p/m*

**2 Bedroom houses:** *R9 000 - R12 800 p/m*

**2 Bedroom flats:** *R8 500 - R9 800 p/m*

**1 Bedroom flats:** *R7 400 - R8 000 p/m*

**Rent, Buy or Sell** Property.CoZa

**It's good to feel @ home**

## Onthou jy nog vir Debbie

Sestigjaar gelede is "Debbie", gespeel deur Suzaan van Oudtshoorn, die eerste Afrikaanse rolprent wat sensitiewe sosiale kwessies soos ongetroude moederskap en plattelandse stigma ondersoek het. Medespeler was Leon le Roux as Paul Hugo.

Die fliek vertel die tragiese verhaal van Debbie Malan, 'n jong plaasmeisie wat swanger raak buite die huwelik. Sy vlug na die stad om aan haar skaamte te ontsnap, waar sy groot uitdagings trotseer en haarself probeer red.

Die fliek het 'n groot impak gemaak omdat dit nie net vermaak was nie, maar 'n kragtige sosiale boodskap gedra het.

Die tema-liedjie "Debbie", gesing deur Gé Korsten, het ook baie gewild geword.

## En onthou jy nog die liedjie: EK VERLANG NA JOU?

Sonja Herholdt was in 1974 'n student aan die Goudstad Onderwyserskollege. Sy is toevallig aan die liedjie "Ek verlang na jou", bekend gestel. Sy en 'n groep was in Aucklandpark om vir 'n dominee te gaan sing. In 'n stadium begin die groep spontaan die liedjie sing wat Herholdt nog nooit vantevore gehoor het nie. Later skryf sy in 'n brief die woorde aan F.C. Hamman en beloof om die liedjie vir hom te sing sodra hulle mekaar weer sien.

Hamman was dadelik beïndruk en het voorgestel om die koor te herskryf en die bekende "Waai wind, bring hom terug na my" in te skryf, om beter by die rolprent Sarah in te pas.

Herholdt meen die liedjie het in die 1970's die verlange van soveel Suid-Afrikaners verwoord wat óf self op die grens was óf iemand geken het wat in die grens-oorlog geveg het.

Sonja glo waarom die liedjie vandag nog 'n treffer is, is omdat soveel vriende en familielede van Suid Afrikaners vandag na die buiteland verhuis het.

Jan de Wet het die musiek en lirieke van "Ek verlang na jou", geskryf.




kind 2 Hearing



**SUKKEL U OM TE HOOR?**

**Ons Besoek Bougainvillea Aftree-Oord Maandeliks:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 Januarie 2025 | 09:00 - 10:00 | 3 Julie 2025 | 09:00 -10:00 |
| 6 Februarie | 09:00 - 10:00 | 7 Augustus 2025 | 09:00 - 10:00 |
| 6 Maart | 09:00 - 10:00 | 4 September 2025 | 09:00 - 10:00 |
| 3 April 2025 | 09:00 - 10:00 | 2 Oktober 2025 | 09:00 - 10:00 |
| 8 Mei 2025 | 09:00 - 10:00 | 6 November 2025 | 09:00 - 10:00 |
| 5 Junie 2025 | 09:00 - 10:00 | 4 Desember 2025 | 09:00 - 10:00 |

**Dienste wat ons lewer:**

Verkope van Batterye en ander Toebehore
Gratis Skoonmaak Van alle Gehoorapparate
Gehoorsiftings
Volle Diagnostiese Gehoortoetse
Ons doen Tuisbesoeke

012 110 4612
montana@k2h.co.za
Doringlaan No 7
Montana Park | Pretoria






# The Angel in the Sky

Twelve elderly friends, from different retirement villages in Montana, had looked forward to this day for months. They had risen before dawn, spirits high, scarves knotted neatly, hats pinned just right. The air buzzed with excitement and the scent of adventure as the chartered bus carried them from Montana to the Pilanesberg Wild Reserve.

They were not just tourists. They were survivors of life, grandmothers and grandfathers with stories woven into the lines of their hands. Now they had one more story to add.

The game drive had been glorious. They'd seen lions lazing under thorn trees, elephants flapping their ears, and even a pair of  rare cheetahs darting across the savannah. Lunch was served at a shady lookout where laughter echoed and a few daring ones even took a selfie near the edge.

But the real story began on the flight home.

The twelve boarded a small charter plane bound for Wonderboom Airport, nestled just north of Pretoria. It was cozy, the kind of plane where you could hear every creak and click. The sky outside had dimmed into a purple-blue velvet as dusk fell.

As the plane rose above the horizon, so did their chatter-reminiscing over the day's wonders, teasing old Mr. Koen about flirting with the lady ranger, and sharing stories of their youthful adventures.

Then, suddenly, the calm shattered.

A violent jolt shook the aircraft. Coffee cups tumbled, and seat belts groaned as the plane dropped sharply before leveling out again. A few passengers screamed, and others froze.

But one woman did not recover.

Mrs. Louisa Engelbrecht, 91 years old, seated near the back, clutched her chest. Her breathing came fast and shallow. Her lips turned pale. Her hands shook violently.

"She's having a panic attack," someone shouted.

"No, it's worse!"

The steward, barely out of training, stood frozen. Passengers turned toward Louisa, helpless, frightened.

Then a figure moved swiftly from the middle row.

A woman in a powder-blue jacket and a silver-grey scarf - no one remembered seeing her earlier - was suddenly beside Louisa. Calmly, she unbuckled Louisa's belt eased her onto the aisle floor, and began CPR. Her hands moved with precision, counting under her breath, eyes locked on the frail figure beneath her.

"Does anyone know her?" asked Mrs. Gerda Nel from Bergvallei Retirement Estate.

"I thought she was with Twee Riviere Retirement Village", whispered another.

"No," said Mr. Sarel. "She was not on the bus this morning. I would've noticed."

The CPR continued. Minutes passed. Louisa began to gasp softly - air returning.

Relief flooded the cabin like sunlight. Applause broke out. Tears flowed.

"She's going to be okey," the steward whispered, more to himself than to anyone.

But when they looked back at the woman who saved her, she was already stepping back, gently wiping her hands with a tissue.

Then the plane touched down.

The small airport lights flickered in the distance as the plane taxied slowly. Paramedics waited at the hangar. The elderly group disembarked in silence, processing what had just happened.

Louisa, now conscious but weak, was gently lifted into an ambulance. She tried to speak but could only smile faintly, squeezing the steward's hand.

The rest of the group stood nearby, murmuring, their words mixing with the sound of crickets and the cooling night air.

"That woman who did the CPR?" asked one. "Where is she?"

They scanned the small crowd.

She was not among them.

The steward scratched his head. "She didn't come

through the front exit. Maybe she stayed behind with the crew?"

The captain denied it. "Only twelve passengers were on the manifest," he said firmly. "No additional names. No staff besides us."

"That's impossible,"muttered Mr. Sarel. "We all saw her. She was right there."

At that time, an airport cleaner, a young woman sweeping near the exit, approached cautiously.


"I - I saw someone just now",she said. "A woman in blue. She was walking toward the far gate. I called after her, but she didn't turn. I blinked, and she was ... gone."

"Gone?" echoed someone.

"She vanished into the dark. But just before that, she turned a little, and I think I heard her say, *"Marie ... from Bougainvilla."*

Created with ChatGPT

Looking for Quality Skincare & Beauty Products?




- Gentle, nourishing skincare for mature skin
- Beautiful cosmetics to enhance your natural glow
- Fragrances, accessories & pampering treats

Call or WhatsApp **Anne-Marie** at 082 563 0816


Easy Ordering – I'll bring the products to you!

Special Offers & Discounts Available!

AVON Justine The beauty of science and nature



Look good, feel great – because beauty has no age!



# Woordsoek / Word search




**Skryf die woorde agterstevoor.**
**Soek dan die nuwe woorde.**

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| K | N | Q | I | P | J | Z | N | V | C | K | D | U | X | I |
| F | M | G | E | L | J | P | A | R | K | X | O | L | A | J |
| Z | D | E | N | F | M | P | K | O | V | H | Y | L | T | K |
| P | R | E | L | D | S | F | K | P | A | U | N | F | K | V |
| G | F | I | M | K | V | T | Y | P | M | R | M | F | D | W |
| R | V | R | T | W | G | R | O | M | U | A | N | A | A | M |
| I | T | Z | K | S | J | C | H | R | D | R | A | I | U | A |
| R | E | E | K | S | A | B | D | X | T | R | T | R | S | R |
| X | K | A | O | M | N | A | T | U | L | V | W | O | T | K |
| W | A | A | N | G | M | A | L | M | P | Z | O | V | B | B |
| D | A | D | H | R | F | K | K | K | L | R | K | E | T | H |
| Y | R | P | K | E | M | C | A | Y | T | C | E | L | R | G |
| I | T | L | W | H | A | E | N | A | E | K | F | E | O | U |
| G | E | F | L | E | S | M | S | D | S | R | U | K | P | P |

1.Skeer _ _ _ _ _ _ _ _
2.Soort _ _ _ _ _ _ _ _
3.Krap _ _ _ _ _ _ _ _
4.Daar _ _ _ _ _ _ _ _
5.Raam _ _ _ _ _ _ _ _
6.Klem _ _ _ _ _ _ _ _
7.Kram _ _ _ _ _ _ _ _
8.Port _ _ _ _ _ _ _ _
9.Trots _ _ _ _ _ _ _ _
10.Snak _ _ _ _ _ _ _ _
11.Peer _ _ _ _ _ _ _ _
12.Klok _ _ _ _ _ _ _ _
13.Laas _ _ _ _ _ _ _ _
14.Saak _ _ _ _ _ _ _ _
15.Traak _ _ _ _ _ _ _ _
16.Self _ _ _ _ _ _ _ _

## Redakteursbrief

Mag hierdie uitgawe vir jou 'n glimlag, 'n traan van onthou, of sommer net 'n warm gevoel bring. Moenie huiwer om aan ons te skryf of te laat weet wat in jou lewe gebeur nie - elke foto en storie wat jy plaas, maak hierdie publikasie lewendig en verdien om vertel te word.

Met waardering en warm groete,
Flippie Fourie



www.spektrumprint.co.za